

**Saterdag 7 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 41:1-13;  
Openbaring 1**

**Fokusgedeelte: Openbaring 1:7**

**Jesus verskyn met almag tot verlossing en oordeel (1)**

Ons is gelowiges wat nie die wederkoms van die Here uit die oog verloor nie. Die bedoeling van hierdie brief is om ons weer op te skerp om te besef dat die Here kom. Daarom moet die wederkoms van die Here 'n bepaalde plek in ons geloofslewe hê, en moet ons met 'n bepaalde verwagting daarvoor lewe.

Die waarheid is dat die oomblik wanneer die Here verskyn, die ware gelowiges die grootste blydschap gaan beleef, en die ongelowiges gaan verstik van vrees. Die feit is bloot: Die Here kom! En nog 'n feit is dat ons geloofslewe elke oomblik só op die merk moet wees dat ons gereed is as die Here kom.

Wie is die Here wat kom? Hy is God wat genade gee aan sy gemeentes. In hierdie gedeelte in die Bybel word 'n baie belangrike beskrywing van die Here gegee: Hy wat is en wat was en wat kom.

U hoor baie duidelik dat die Here Homself hier bekendstel met dieselfde woorde as waarmee Hy Hom aan Moses bekendgestel het: *Ek is wat Ek is!* Gaan sê vir Farao “*Ek is*” het jou gestuur. In hierdie bekendstelling van die Here dat Hy is en was, het ons duidelik 'n inspeling daarop dat Hy die God van die Verbond is.

Die Here het later jare aan Jesaja opdrag gegee om hierdie selfde woorde te preek: *“Hy wat die geslagte roep van die begin af; Ek, die HERE, die Eerste, en by die laaste is Ek dieselfde ... jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie. Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand”* (Jes. 41:4)

*Sing: Psalm 121-1:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*